
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## JUNIE 2025

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Antwoorde wat die vereiste getal oorskry, sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1: MAKRO-EKONOMIE 30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in the ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 B.

1.1.1 ŉ Ekonomie in ewewig word deur … voorgestel.

A Y = C + I + X + M
B Y = C + I + G + (X + M)
C Y = C + I + G + E
D Y = C + I + G + (X – M)

1.1.2 Die nasionale rekening groottotaal wat bydrae deur permanente inwoners van ŉ land insluit, is die …

A bruto nasionale beleid.
B bruto nasionale goedere.
C bruto nasionale produk.
D bruto nasionale diens.

1.1.3 Parke, strande en tolhekke is voorbeelde van … goedere.

A gemeenskap
B kollektiewe
C toegang
D algemene

1.1.4 Die … word in Oktober aangebied om die parlement oor veranderings in die begroting sedert Februarie in te lig.

A hoofbegroting
B Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring
C Mediumtermynbestedingsraamwerk
D nasionale begroting

1.1.5 Die punt waar die ekonomiese inkrimping op sy laagste is, is ŉ …

A trog.
B boom.
C resessie.
D aanwyser.

1.1.6 ŉ Beleid van die sentrale bank om die hoeveelheid geld in omloop te verander, staan as die … bekend.

A fiskale beleid
B begrotingsbeleid
C monetêre beleid
D sirkulêre beleid

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.7 ŉ Internasionale organisasie wat geld leen aan lande met voortdurende betalingsbalansprobleme is die …

A Werêldgesondheidsorganisasie.
B vrymaking van handel/liberalisering.
C Werêldbank.
D Internasionale Monetêre Fonds.

1.1.8 Geld wat ontvang word sonder enige produktiewe diens wat gelewer is, is die …

A reële geld.
B oordragbetalings.
C salaris.
D diensbetalings.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in the ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Burokrasie | A voorgeskryf deur die Verenigde Nasies om die bruto binnelandse produksiesyfers saam te stel |
| 1.2.2 Belegging | B proses om regulasies in ŉ spesifeke bedryf deur die regering te verwyder |
| 1.2.3 Afswaai | C oordrag van funksies en eienaarskap van entiteite van die private na die openbare sektor |
| 1.2.4 Stelsel van nasionale rekeninge | D minimum saldo's wat deur die SARB aan banke toegelaat word |
| 1.2.5 Kontant reserwe vereistes | E verkryging van ŉ betekenisvolle deel van ŉ besigheid |
| 1.2.6 Nasionalisering | F geld bestee deur firmas om kapitaal-goedere te koop |
| 1.2.7 Deregulering | G koop van finansiële bates in maatskappye op die aandelebeurs |
| 1.2.8 Direkte investering | H amptelike reëls en regulasies wat dienslewering kan belemmer |
| | I die inkrimpingsperiode van die sakesiklus |

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in the ANTWOORDEBOEK neer.

Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Verpligte betalings wat deur huishoudings en besighede aan die staat gemaak word

1.3.2 Goedere en dienste waarvan die voorsiening voordele vir die verbruiker en die samelewing inhou

1.3.3 Die grafiek wat die verband tussen werkloosheid en inflasie toon

1.3.4 ʼn Doelbewuste verhoging in die prys van die geldeenheid in terme van ʼn ander geldeenheid

1.3.5 Sakesiklusse wat deur verandering in die konstruksie aktiwiteite, wat gewoonlik 15 tot 20 jaar duur, veroorsaak word

1.3.6 ʼn Ekonomie wat handel met die buitelandse sektor dryf

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE instrumente van die fiskale beleid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan natuurrampe die Suid-Afrikaanse handelsbalans beinvloed? (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Banke en ander finansiële instellings speel ŉ belangrike rol in die ekonomie. Deur sekere dienste te verskaf, help hulle om ŉ deurlopende vloei van geld binne die ekonomie te skep, wat tot die algehele ekonomiese aktiwiteite bydra. In die konteks van die sirkulêre vloeimodel is die insluiting van banke en finansiële instellings noodsaaklik vir ŉ omvattende begrip van hoe fondse tussen die verskillende sektore in ŉ ekonomie sirkuleer.
>
> [Bron: Aangepas uit Corporate Finance Institute]

2.2.1 Identifiseer ŉ voorbeeld van ŉ finansiële instelling uit die uittreksel hierbo. (1)

2.2.2 Noem enige EEN inspuiting in ŉ oop-ekonomie. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *ekonomiese kringloop.* (2)

2.2.4 Verduidelik die rol van die finansiële sektor in die ekonomiesekringloop. (2)


2.2.5 Waarom word huishoudings as die primêre deelnemers in ŉ ekonomiese kringloop beskou? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**REDES VIR INTERNASIONALE HANDEL**




Lande kan deur handel voordeel trek wanneer hulle op die vergelykende voordeel fokus. Dit is as gevolg van wydverspreide globalisering en toename in bevolkingsgrootte van lande.




[Bron: Aangepas vanuit die internet]

**VRAAG REDES** **AANBODREDES**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.3.1 | Identifiseer 'n effek van internasionale handel vanuit die inligting hierbo. | | (1) |
| 2.3.2 | Noem enige EEN aanbodkant rede vir internasionale handel. | | (1) |
| 2.3.3 | Verduidelik kortliks die term *internasionale handel.* | | (2) |
| 2.3.4 | Verduidelik die teorie van vergelykende voordeel van handel in goedere en dienste. | | (2) |
| 2.3.5 | Hoe kan inkomstevlakke tot internasionale handel lei? | (2 x 2) | (4) |

2.4 Bespreek die produktemark binne 'n ekonomiesekringloop. (8)

2.5 Hoe kan 'n verbetering in handelsvoorwaardes die Suid-Afrikaanse ekonomie raak? (8)

**[40]**


SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE probleme van die openbaresektor voorsiening. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe beinvloed bruto kapitaalvorming die ekonomie positief? (2)

3.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BETALINGSBALANS 2024 (R BILJOEN)**

| **LOPENDE REKENING** | **2024** |
|---|---|
| Goedere uitvoere | 1 820 |
| Netto gouduitvoere | 139 |
| Dienste ontvangste | 298 |
| Inkomste ontvangste | 281 |
| Minus: Goedere invoere | 1 782 |
| Minus: Betalings vir dienste | 369 |
| Minus: Inkomste betalings | 451 |
| **A?** | -248 |

[Bron: Aangepas vanuit SARB KB Desember 2024]

3.2.1 Identifiseer die item in die lopende rekening wat uniek aan Suid-Afrika is. (1)

3.2.2 Noem die ontbrekende item **A** uit die lopende rekening in die tabel hierbo. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *betalingsbalans.* (2)

3.2.4 Verduidelik verandering in aanvraag as ŉ maatstaf om betalingsbalans onewewigtigheid reg te stel. (2)

3.2.5 Bereken die waarde van die handelsbalans. Toon die formule en ALLE berekeninge. (4)




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Identifiseer die oorspronklike autonome verbruik uit die grafiek. (1)

3.3.2 Noem die marginale verbruiksgeneigheid (mvg) uit die grafiek hierbo. (1)

3.3.3 Verduidelik kortliks die term *vermenigvuldiger.* (2)

3.3.4 Verduidelik die verhouding tussen die marginale verbruiksgeneigheid en die vermenigvuldiger. (2)

3.3.5 Gebruik die formule **∆Y/∆J**, bereken die waarde van die vermenigvuldiger vir die grafiek hierbo. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.4 Onderskei tussen *eksogene* en *endogene* verduidelikings van die sakesiklusse. (8)

3.5 Watter uitdagings staar die Suid-Afrikaanse regering in die gesig om volle indiensneming te bewerkstellig? (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE komponente van die finansiële rekening van die betalingsbalans. (2 x 1) (2)

4.1.2 Verduidelik die belangrikheid van spaar vir die ekonomie. (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **NASIONALE INKOMSTE TEEN HUIDIGE PRYSE: 2023 (Biljoen)** | |
|---|---|
| Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse | 6 310 829 |
| Belasting op produkte | 730 506 |
| Subsidies op produkte | 17 341 |
| Bruto binnelandse produk teen markpryse | **A** |

[Bron**:** Aangepas vanuit SARB KB Desember 2023]

4.2.1 Identifiseer 'n item wat gebruik word om basiese pryse na markpryse om te skakel. (1)

4.2.2 Noem enige EEN metode wat gebruik word om die bruto binnelandse produk te bereken. (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die term *huidige pryse.* (2)


4.2.4 Verduidelik die belangrikheid van die berekening van nasionale rekeningsgroottotale. (2)

4.2.5 Bereken die bruto binnelandse produk teen markpryse **A**. Toon ALLE berekeninge. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




E

4.3.1 Identifiseer die kurwe wat 'n toename in die vraag na buitelandse valuta verteenwordig. (1)

4.3.2 Noem die wisselkoersstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (1)

4.3.3 Verduidelik kortliks die term *wisselkoers.* (2)

4.3.4 Verduidelik die rede vir die verskuiwing na regs van die oorspronklike vraagkromme. (2)

4.3.5 Watter voordele kan lande van die werêld uit internasionale handel verkry? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek werklike(reële) en geldvloei. (8)

4.5 Analiseer die impak van 'n devaluasie van die rand op die ekonomie. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTELVRAAG | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:**<br>Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debateer | Maks. 26 |
| **Addisionale gedeelte:**<br>Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoë-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is,sonder die herhaling van enige feite reeds genoem.<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra.<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek volledig die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting. (26)
- Hoe kan die monetêre en fiskale beleide gebruik word om sakesiklusse glad te laat verloop? (10)

## VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek in detail die rede(s) vir openbaresektor-mislukking (koppel hulle aan tipiese probleme ondervind deur openbare-sektor voorsiening). (26)
- Hoe kan openbaresektor-mislukking ekonomiese stabiliteit in Suid-Afrika negatief beinvloed? (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African